

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 189**

(September 1984)

## **Tyd van Liefdeloosheid**

\* \* \* \* \*

"Omdat die minagting van die wet van God sal  
toeneem, sal die liefde by baie verkoel"

(Mat. 24:12)

# Benoudheid van nasies

Benoudheid . . . of radeloosheid!

Só skets Lukas 21 die geestestoestand van die volkerewêreld, op die vooraand van die wederkoms van Christus.

En let op watter tekens dit voorafgaan ..... aardbewings .... hongersnood .... peste en plaë ... oorloë en allerhande verskriklike dinge.

Maar weet jy geagte leser dat hierdie tekens slegs uitwendige noodtoestande is wat die liggaamlike van die mens gaan vernietig.

Maar nog groter en onbeskryflike is hierdie teken van "benoudheid" — dit is 'n inwendige noodtoestand waar die siel van die mens in mekaar gaan stort. Die liggaamlike tekens kan nog beveg en selfs oorwin word, maar hierdie benoudheid en radeloosheid skets die geestelike bankrotenskap wat nooit beveg en oorwin sal kan word nie. En dan sê Lukas dit sal 'n vloedgolf wees wat nooit beveg sal kan word nie, wat alles van die ankers ruk en stukkend slaan. Die gewone golwe van die see wat ons so kan geniet, gaan tot waterberge oprys om met sy snelle en verwoestende wenteling alles te oorspoel.

Verder beskryf die Bybel vir ons die vloedgolf se groot geluid. Die vloedgolf sal nie onverwags sy prooi bespring soos 'n ondiër nie, maar hy kom brullend soos 'n monster aan. Met 'n woeste gedruis sal die onbeskryflike angs menseharte aangryp en die nietige mens met sy brose werke verslind.

Ja, benoudheid en radeloosheid sal die mens oorval!

In sielsbenoudheid sal die mens se siel bevange in nood en angs gryp, maar tevergeefs, want:

- daar sal benoudheid en angs wees; en
- daar sal radeloosheid wees.

Die mens sal bang wees vir God. Hy sal besef dat verskriklike dinge besig is om hierdie wêreld te tref.

*En ek?*

Ek sal radeloos wees omdat ek nie die genadetyd gebruik het nie en my siel verpand het aan goddeloosheid . . . en nou is dit te laat!

God gaan my ook vernietig.

En geliefde leser, nou waarsku die Bybel ons:

Wees gereed! Wees wakker! Gebruik die tyd wat God jou uit genade gun! Want ook hierdie teken van Lukas 21:25 roep dit uit: "Dis my God wat spreek . . . Hy gebruik dit om my wakker te skud."

Want die behoud van die lewe voor die verwoestende vloedgolf van goddeloosheid, lê in 'n ware, wagtende en ontwakende geloof dat Christus my Redder en Verlosser is!

Waak dan en bid. Smee om genade. God sal jou help deur Sy Heilige Gees!

***Ds. Nico Ligthelm***

# "Die liefde sal verkoel"

(Matt. 24:12)

God is liefde.

En nou het God aan die mens wat van nature geneig is om God en sy naaste te haat, hierdie wonderlike gawe van die liefde gegee. Die mens kan nou teen sy eie natuur in liefhê.

## Liefde

Christus het die hele wet in terme van liefde geformuleer. In Mat. 22:27 en verder staan: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en die grootste gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

- ❖ Liefde is groter as geloof en hoop. (1 Kor. 13)
- ❖ Die liefde is geduldig;
- ❖ Die liefde is vriendelik;
- ❖ Die liefde vergaan nooit;
- ❖ Die liefde hou nie boek van die kwaad nie;
- ❖ Die liefde soek nie sy eie belang nie.

Vers 13: "En nou: geloof hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde." Die liefde is ook baie sterk.

1 Kor. 15:26: "Die laaste vyand wat vernietig word is die dood." Maar Hooglied 8:6 gee ons die versekering: "Die liefde is sterker as die dood."

## Verkoel

Maar die droewige werklikheid wat hom in die laaste dae afspeel is dat die liefde verkoel.

In 2 Tim. 3 staan: "In die laaste dae sal daar swaar tye kom. Die mense sal selfsugtig wees, hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God."

Verskriklik is die toneel as die liefde verkoel het, as die mens sy liefde op iets anders rig as wat deur God bepaal is. Afgrylik word die mens as hy sy liefde net op homself rig, as hy net sy eie belang soek, as sy liefde tot God en sy naaste verkoel.

In die eindtyd gaan daar verskriklike dinge hier op die aarde afspeel: oorloë, hongersnood, pessiëktes, aardbewings. Dit is alles buite die mens. Maar wanneer die liefde verkoel dan vind dit binne-in jou plaas — in jou hart!

Jy is self direk daarby betrokke:

- Jy besoek nie jou naaste as hy eensaam is nie . . .
- Jy help nie sy laste dra nie . . . .
- Jy vertroos hom nie as hy treur nie . . . .
- Jy bemoedig hom nie as hy moedeloos is nie . . .

## Ongeregtigheid vermeerder

Die rede waarom die liefde verkoel, is omdat die ongeregtigheid vermeerder. Mense sal al hoe meer die wet van God minag. Hulle sal God en Sy gebod verag en vertrap. Hulle sal hulself in losbandigheid oorgee. Hulle sal maak wat hulle wil. Hulle sal los van God, ja, sonder God probeer leef.

En as jy sonder die liefde vir God in jou hart leef, as jy sonder God leef, as jy jou rug op God gedraai het, dan stort jy in die donker afgrond van die hel af!

### **'n Liefde wat nie verkoel nie**

Genadiglik is daar 'n liefde wat nie verkoel nie. Dit is God se liefde teenoor sy kind. God is liefde. En God het Sy liefde vir ons bewys toe Hy Christus vir ons gegee het om aan die kruis vir ons sondes te sterf.

In 1 Joh. 4:9 staan: "Hierin is God se liefde vir ons geopenbaar: Sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. Werklike liefde is dit: Nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur Sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes."

Geliefdes, as dit is hoe God Sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê."

- Groei u in liefde tot God en u naaste, of is dit besig om af te koel?
- As jy Hom liefhet is jy sy kind.
- As jy Hom nie liefhet nie, is jy nie sy kind nie.

***Ds. A. H. Grové***

# Voordat Jesus kom — die Antichris

In 2 Tes. 2 het ons 'n hoofstuk wat ons heelwat vertel van die Antichris. Hier word hy genoem "die mens van sonde", die "seun van die verderf" (vers 3), die "teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word" (vers 4). Hy is ook die een wat in die tempel van God sal sit en sal voorgee dat hy God is. Die Antichris is dus iemand wat met die godsdiens sal kom en selfs in die kerk sy plek sal wil inneem. Merkwaardig is dit dat hy juis ook in die tyd van die "afval" sal kom as Christene en kerkmense wat hulle rug op die kerk sal draai.

Maar voordat hy sigbaar sal verskyn, word hy eers "teëgehou". Só staan dit in vers 6. Daar is 'n soort padblokkade in sy weg. Hy kan nog nie maak wat hy wil nie, want daar is 'n mag wat hom afkeer of terughou.

Wat is dit nou wat die Antichris nog verhinder om nog nie in volle sterkte toe te slaan nie? In Markus 13:10 sê Jesus: "Die evangelie moet eers aan al die nasies verkondig word". Voordat dit nie gebeur het nie, sal die einde nog nie kom nie. Dieselfde gedagte vind ons ook in Openb. 11:7 waar vertel word dat die getuies van God doodgemaak sal word nadat "hulle" hul getuienis voleindig het".

En nou sien ons dit.

Christus vertraag die deurbraak van die Antichris, sodat die Evangelie eers oor die hele aarde verkondig kan word.

Christus hou hom teë, sodat die program van God se kerkwerk eers voltooi kan word.

Maar dit bring spanning in ons godsdiens. Ons hoor alreeds die kraakgeluide van die Antichris wat swaar druk teen die versperrings . . .

God se horlosie is reeds besig om die uur te nader wanneer Hy self die blokkades sal oopmaak . . .

En dan is die pad vir hierdie mens van sonde finaal oop . . .

Daarom, o kind van God, soek die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy naby is! (Jes. 55.)

***V. E. d'Assonville***

# Wie tot die einde volhard, sal gered word

Dit word al hoe moeiliker om 'n Christen te bly in die tyd waarin ons vandag leef.

Miskien ervaar jy dit self.

- Mense eis van jou om nie die Naam van Christus te bely in jou werkkring of vriendekring nie.
- Sommige werkgewers vereis van jou dat jy op Sondag moet werk, al is dit nie werklik noodsaaklik nie.
- Dit lyk vir jou asof Christene vandag, maar net dieselfde leef as nie-Christene.

**MISKIEN HET JY OOK AL SELF HIERAAN SKULDIG GEWORD.**

Die Bybel is duidelik: wanneer hierdie dinge gebeur is die duiwel besig om te werk. Ons kan maar sê dat die duiwel besig is met sy laaste veldslag, besig om vir oulaas te probeer om God se kinders van Hom af weg te rokkel. (Lees gerus Mat. 24:3-14.)

Deur middel van sy valse profete is die duiwel, die opperste bedrieër, besig om die Christene te probeer mislei.

Die duiwel het baie argumente wat hy in die harte van mense plant, soos:

- Dit is oudmodies om nog in God te glo en kerk toe te gaan.
- Wat help dit tog om nog in God te glo, as dit jou, jou werk gaan kos?
- Wat help dit tog om jou naaste lief te hê, as hy nie aan jou liefde betoon nie?
- Wat help dit tog om nog 'n Christen te wees as dit vir jou (oënskynlik) geen voordeel inhou nie?

Het hy al sulke gedagtes in jou hart ingeplant?

Onthou net dat alles wat op aarde is, tydelik van aard is.

Jou werk, jou vriende, jou bevorderingsmoontlikhede, dat jy verdruk word, dat jy gespot word, ja, alles wat aards is, is tydelik en dit sal verbygaan.

Daarom moet jy jou beywer vir dit wat ewig is, vir dit wat jou van die ewige lewe kan verseker.

Jesus Christus sê self in Matt. 24:13 hoe jy dit kan doen. Jy moet volhard tot die einde, dan sal jy gered word.

Waarom moet jy volhard?

- Om sy Naam te bely (Matt. 24:9).
- Om te bly glo (Matt. 24:10).
- Om jou nie te laat mislei deur valse profete nie (Matt. 24:11).
- Om God se wet nie te minag nie (Matt. 24:12).

Kortom, jy moet volhard daarin om onvoorwaardelik, ongeag van wat mag gebeur, steeds aan God alleen vas te hou.

Onthou, jou lewe hang daarvan af!

Hoe gaan jy dit regkry om daarin te volhard? Met die duiwel wat rondloop soos 'n brullende leeu is dit byna onmoontlik!

Tog kan jy. God vra nie net nie, Hy gee ook. Hy vra nie net dat jy moet volhard nie, maar Hy gee ook aan jou die vermoë om te kan volhard.

Hy gee aan jou 'n middel van regstreekse kommunikasie met Hom. Hy gee aan jou die gebed.

Daarom moet jy bid!

- Bid om die krag van die Heilige Gees, sodat jy in jou volhardende stryd kan weet; “God stry die stryd vir my!”
- Bid dat die Here Jesus gou op die wolke sal verskyn, om jou vir ewig tot by Hom te neem;
- daar waar die vrede heers wat alle verstand te bowe gaan;
- daar waar jy nooit weer van Hom geskei sal kan word nie;
- daar waar jy vir ewig sal lewe.

Is dit nie vir jou ook 'n heerlike vooruitsig nie?

Wil jy ook graag gered word? Volhard dan daarin om in alles aan God alleen vas te hou!

***L. S. D. du Plessis***